Algemene vrae en inligting vir ons dienste by die kerk:

Dis ’n groot voorreg dat ons met dienste kan begin. Ons is egter nog steeds beperk in die hoeveelheid mense wat ’n diens kan bywoon, en daarom is dit belangrik dat jy die volgende reëlings in gedagte moet hou:

Watter tye is die dienste?

Ons dienstye by die kerk op Sondag is 8h30; 10h15 en 18:30. Daar is ook aanlyn dienste om 9h30 en 18h30. Die preek word ook op MedFM (104.1FM) uitgesaai.

Hoekom moet ek registreer om ’n diens by te woon?

Elke byeenkoms – Eredienste, Kinderkerk, Draaipunt en Tiener Bybelskool – is beperk in die hoeveelheid mense wat dit kan akkommodeer en daarom moet elke persoon voor Sondag registreer om die verskillende dienste by te woon.

Die beperkings in getalle is soos volg per diens:

- Eredienste beperk tot **250.**
- Kleuters en Kinderkerk (4 jaar tot Gr.5) beperk tot **100.**
- Draaipunt (Gr 6-7) beperk tot **40.**
- Tiener Bybelskool (Gr 8-12) beperk tot **75.**

Wanneer kan ek registreer?

- Registrasie open Dinsdae om 10h00.
- Registrasie vir die oggenddienste sluit Sondae om 07h00.
- Registrasie vir die aanddiens sluit Sondae om 16h00.
- Jy moet ELKE WEEK registreer vir die komende Sondag.

Wie moet almal registreer?

Elke persoon (en kind) moet registreer vir die byeenkoms wat hulle gaan bywoon. Indien jou kinders saam met jou na die Erediens gaan moet hulle registreer vir die Erediens. Indien hulle na die Kinderkerk gaan moet hulle registreer vir die Kinderkerk. Registrasie moet elke week geskied vir die komende Sondag se byeenkomste.

Wat as ek nie self aanlyn kan registreer nie?

Indien ons jou kan help om te registreer, kontak gerus die kerkkantoor in die week tussen 8h15 en 13h00 by 0514511017. Ons help graag.

Wat van my kind wat kleiner is as 4 jaar?

Ons wil tog mense met kleiner kinders (onder 4 jaar) aanmoedig om eerder in hierdie tyd nog steeds deel te neem aan ons aanlyn dienste omdat die vereistes dit bemoeilik vir ouers met kleiner kinders. Ons kan ongelukkig nie op hierdie stadium byeenkomste vir kinders kleiner as 4 jaar, (soos die Speelpark) akkommodeer nie.

Wat moet ek weet as ek by die kerk aankom?

- Elke persoon (en kind) moet ’n masker dra en mense met siekte simptome kan ongelukkig nie die diens bywoon nie.
- Elke persoon wat die diens bywoon moet aanmeld by ons skanderingspunte voor die diens om die nodige administrasie af te handel. Kom dus ’n paar minute vroeër. Die skanderingspunte is op die gras in die vierkant tussen die verskillende geboue.
- Saniteer asseblief jou hande voor jy in die gebou ingaan. Daar is by al die deure reinigingsmiddel.
- Daar sal nog nie op hierdie stadium koffie en beskuit na die dienste wees nie.
- Sitplekke op die galery is nog nie oop op hierdie stadium nie.

Hoe gemaak as ek geregistreer het, maar nie meer die diens kan bywoon nie?

Indien jy vir ’n diens geregistreer het en dit nie meer kan bywoon nie, kan jy vir ons ’n epos stuur na kerk@kerk.co.za en vra vir ’n kansellasie. Dit help dat ons dan weer plek kan skep vir ander persone wat die diens wil bywoon.